

HOOFSTUK 5.

GROEP A.

VERGELYKINGE BY SELFSTANDIGE NAAMWOORDE.

ARMS.

Arms soos boomstamme; Ndl. *Zij heeft armen en beenen als schuurbalken* (De C.—Vr. 194).

Arms soos twee boerbrode; vgl. Ndl. *Arms as poaskestroaten* (paasbrode) (Molema 527).

ASEM.

'n **Asem** soos 'n perd (algemeen); vgl. Ndl. *Eenen adem hebben gelijk een peerd* (Joos 12).

Langasem soos 'n koringkriek; . . . soos 'n hans-muskiet; . . . soos 'n besie (Vryburg).

'n **Asem** soos 'n Kalaharie-Boesman, . . . soos 'n Kaffer.

BAARD.

'n **Baard** soos 'n bok; vgl. Ndl. *Eenen baard hebben gelijk een bok* (Joos 12).

'n **Baard** soos 'n Joodse rabbi; vgl. Ndl. *Eenen baard hebben gelijk een sapeur* (soldaat die een langen baard droeg) (Joos 12); 'n **Board** as 'n Zwitster (lange baard) (Molema 165).

'n **Yl baard** soos 'n vuurherdkat (Bloemfontein); **bietjie-bietjie** baard soos 'n wyfiespook. Vgl. hfst. 1.

BEK (vgl. MOND).

'n **Bek** soos 'n bakoond; vgl. Duits *Er hüt es Mül wie e Bachofe* (Wander 3-518).

'n **Bek** soos 'n skeermes (taamlik algemeen); vgl. Ndl. *Zij heeft een bek als een scheermes* (De C.—Vr. 47); 'n **Bek** as 'n slagzwaard—as 'n *scheermes* (Molema 166); Duits *Er hat e Maul wie e Schär-messer* (Wander 3-519).

'n Tandjiesbek soos 'n treksaag (Vryheid) (kyk ook by TAND).

'n Bek soos 'n skepel (groot) (Springbok); vgl. hfst. 3(j).

'n Bek soos 'n wafelpan (Vryheid); 'n Plat bek soos 'n slaai-skottel (Moorreesburg); vgl. Ndl. *Nen bek opzetten as ne oenderdeure* (St. 2-40); 'n Bek as 'n slop hebben (Molema 500).

'n Groot bek soos 'n bergkorhaan (Heilbron); vgl. Hgd. *Er hat ein Maul wie ein Entenarsch* (Wander 3-518).

'n Bek soos 'n straatmeid; vgl. Ndl. *Hij heeft een bek als een vischwiif* (Harreb. 2-98); Hgd. *Er hat ein Maul wie eine alte Waschfrau* (Wander 3-518).

'n bek soos 'n wawiel en nog iets; kyk ook by OË en ORE.

BENE.

Bene soos vuurhoutjies; vgl. Ndl. *Beenen gelijk solferstekken* (zeer dun) (De C.—Gebr. 334); „Je krijgt beenen als zwavelstokken” (Sandv. 6).

Dun beentjies soos Septembermaand se kuierkieries (Paarl, Porterville); dun beentjies soos present-kieries (Worcester); litjies-rige bene soos 'n sweepstok (Warden); vgl. Ndl. *Beenen gelijk trommelstekken* (Joos 12); *Bijnen as woagentoeten* (nl. die nawe van 'n wiel) (Molema 527).

Dun beentjies soos sigarette (Paarl, Porterville); bene soos skarniere (Zastron); dun bene soos sesduimspykers (Parys); vgl. die meer bekende vorm: spykerbene.

Bene soos bobbejaanpale; „sy bene steek uit soos twee bobbejaanpale” (O.K. 2-91).

Lang bene soos 'n reier (Paarl, Porterville); lang bene soos 'n reier, spits kop soos 'n eier (Stellenbosch); vgl. Ndl. *Beenen gelijk een reiger, een ooievaar* (lang en dun) (Joos 12); *Hij heeft beenen als een ooievaar* (Welters 96).

Lang bene soos 'n kombuiskuiken (Paarl, Porterville); lang bene soos 'n volstruiswagter (Springbok); skarnierbene soos 'n sprinkaan (Bloemfontein); lang bene soos 'n jong sekketaars (Springbok); vgl. Duits *Hei heft so dicke Bene wie Kuhnke Hahn* (Eck. 41).

Die skertsende uitdrukking **Hy kan goed sing**, want hy het bene soos 'n kanarie kom taamlik dikwels voor (o.a. Laingsburg, Vereeniging, Frankfort, Bloemfontein).

Krom bene soos 'n ghwarriebostak (Vryheid); krom bene soos 'n koringkriek (Springbok); krom bene soos 'n pypsteel (Springbok). Daarenteen is Ndl. *Beenen gelijk pijpstelen* van toepassing op lang, dun bene (vgl. Joos 12).

Bakbene soos 'n skilpad (Laingsburg); 'n paar bakbene soos 'n strandluis (Bloemfontein); bakbene soos 'n boontjia-kalander (Heidelberg K.P.); bakbene soos 'n ratel; vgl. Ndl. *Hij heeft beenen als*

een tals (dashond, krom) (Welters 97); Duits *Bènen as 'n Uelk* (Wander 2-1247).

Sy bene staan so krom soos 'n sekel (Springbok).

Hy is plat op sy bene soos 'n dragtige vlooi (Springbok); vgl. Duits *Du löpst as 'n drachtig'n Swinegel* (d.w.s. baie stadig) (Wander 2-1813).

Hy het dun bene soos 'n kat wat gaan ouers vra (Springbok); blou-aarbene soos 'n perdedief (Bloemfontein); bene soos boomstamme (gewoonlik van 'n gesette vrou gesê).

BROEK.

'n Hangbroek soos 'n komkuier-Jood se handsak (Springbok); 'n Hangbroek soos 'n grootuierkoei (Fouriesburg). Kyk ook by hfst. 1.

BORS.

'n Bors soos 'n karperd, . . . 'n trekos; vgl. Ndl. „Met een borst als een trekos” (M. Gijzen's Jeugd).

'n Bors soos 'n pou; vgl. ook die bekende uitdrukking: *Erens pou-bors rondstap* (d.w.s. hoogs selfvoldaan).

Platbors soos 'n plank (van dames gesê); platbors soos 'n swart kobra (Springbok); vgl. Ndl. *Borsten zoo plat als een pannekoek* (Van Dale 195).

'n Uit-bors soos 'n kiewietjie (Odendaalsrust).

BOUDE.

Boude soos twee brode; boude soos jong miershope. Vgl. Ndl. *Een gat als een kerkdeur* (De Vooy).

Intrekboude soos 'n trekos (Die Vrystaat); 'n Uitstaangat soos 'n skelm melkkoei (Springbok).

Abba-boude soos 'n Boesmanmeid.

GEHEUE.

'n Geheue soos 'n bobbejaan (Pietersburg, Ermelo, Dewetsdorp); 'n geheue soos 'n os (Worcester); 'n geheue soos 'n donkie (Zeerust); vgl. Hgd. *Er hat ein Gedächtniss wie ein Pferd* (Frischb. 78).

'n Geheue soos 'n olifant (Ermelo, Ladysmith); vgl. Ndl. *Een geheugen hebben gelijk een olifant* (groot) (Joos 14); die Afrikaanse gebruik skyn egter eerder bevorder te wees deur die Engels, vgl. *An elephant never forgets*. Vgl. hfst. 4.

'n Geheue soos 'n hoender; 'n geheue soos 'n dooie hen (Zeerust); vgl. Ndl. *Je kenne net zoo lank onthouwen as een haan 'en koren pikt*

(hebt geen geheugen) (Boeken. 278); Hgd. *Er hat ein Gedächtniss wie ein Huhn* (Frischb. 78); *Ein Gedächtniss haben wie eine Hase* (sehr vergesslich sein) (Schrader 206); Ndl. *Een geheugen hebben gelijk een konijnesteert, een garnaal* (klein) (Joos 14).

'n Geheue soos Metusalem (baie goed) (Pietersburg, Ermelo); vgl. hfst. 3(g).

'n Geheue soos 'n sif (baie algemeen); moontlik 'n anglisme (Eng. *a memory like a sieve*), kyk egter in verband hiermee by hfst. 4; 'n geheue soos sifdraad (Heilbron). 'n Grappige dog treffende variant hiervan is 'n Geheue soos 'n Aertex-onderhemp (vgl. hfst. 1) (in Bethal bekend).

Baie algemeen vir 'n goeie geheue is die vergelyking:— 'n Geheue soos 'n boek (veral in die Transvaal, bv. Pietersburg, Chrissiesmeer, Schweizer-Renecke, Springs; ook te Dealesville en Kroonstad); 'n geheue soos 'n woordeboek (Dewetsdorp; Laingsburg).

'n Geheue soos goud (Zeerust); . . . soos 'n horlosie (Potchefstroom); vgl. Ndl. *Een geheugen hebben gelijk een register* (Joos 14); *Hij heeft een geheugen als een kanonskogel en een keelgat als een bomketel* (De C.—Gebr. 38); Eng. *A memory like fly paper*.

Taamlik algemeen bekend is: Sy geheue is net so kort soos sy hare.

GELD.

Geld soos bossies (vgl. Malh. 144). Sowel Bouman (in T.W.K. 4-96) as Stoett (in N.T.G. 22-214) wil dit in verband bring met Ndl. „Hij heeft geld bij bosjes”. Kyk hiervoor by hfst. 4 en vergelyk die volgende uitdrukkings:— Geld soos gras (minder bekend); geld soos papier; geld soos bossies, maar skuld soos sand; Ndl. *Geld winnen gelijk hooi* (veel) (Joos 15); Duits *Ik hef Geld as Heu* (Eck., Sandv. 26, Seiler); *He hatt Geld as Kaff* (Spreu) (Eck. 150).

Geld soos sand, maar verstand soos 'n muis; vgl. Ndl. *Geld hebben gelijk zaad, zand* (Joos 15).

Hy het meer geld as verstand; vgl. Hgd. *Er hat mehr Geld als Verstand* (Wander 1-1521); *Er hat mehr Geld als Fliegen auf der Welt* (Wander 1-1521).

Geld soos peule aan 'n boontjiesbok (baie algemeen, bv. Natal, Laingsburg, Louis Trichardt, Barkly Oos, Witbank, Marico, Heilbron, Dewetsdorp, Brits, Joubertina); geld soos mieliepitte (Heilbron); geld soos hare op 'n hond (Parys, Bloemfontein); geld soos klippe op 'n berg (Heilbron).

Geld soos water (Die Huisg. 20/10/'39); vgl. Ndl. *Geld as water, as slijk* (Joos, Harreb. 1-221); *geld als water verdienen* (Van Dale 547); Hgd. *Geld wie Mist* (Sandv. 26); Eng. *To have money like dirt*; by Bredero: „zoo rijck als 't water van de zee.”

Geld soos stront; vgl. Duits *He heft geld as Dreck* (Eck. 150, Wander 1-1521).

Hy het geld soos 'n mynmagnaat, . . . soos 'n ryk Jood, . . . soos 'n spekulateur; vgl. Hgd. *Er hat Geld wie ein Schweinetreiber* (Wander 1-1521).

Geld is by my so skaars soos vere op 'n padda; vgl. Ndl. *Hij is van gèld voorzien als een pad van veeren* (hij bezit totaal niets (Harreb. 1-221; van Dale 1263); Duits *Er hat Geld, wie a Frosch Haar* (Seiler 170); *Er ist mit Geld bedeckt, wie der Frosch mit Federn* (Wander 1-1522); Fr. *Il est chargé d'argent comme un crapaud de Plumes* (Wander 1-1522). In verband hiermee kan die volgende genoem word: „Dit sal ons eers gelowe as die esels hoorns kry, of die kikkorse vere” Volksbl. 7/7/1863 (J. du P. Sch. in T.W.K. 14-18).

GELUK.

Meer geluk as 'n hond op sy verjaarsdag (Bloemfontein, Petrus Steyn); in Springbok is bekend: meer lollery as 'n hond op sy verjaarsdag.

GESIG.

In die meeste gevalle word die selfstandige naamwoord hier voorafgegaan deur 'n beskrywende adjektief wat die bedoeling van die vergelyking duideliker stel. Hiervolgens word die volgende vergelykinge groepsgewyse ingedeel:—

'n **Afdraend-gesig** (d.w.s. 'n persoon wat 'n mens nie in die oë kan kyk nie): 'n **Afdraend-gesig** soos 'n wasklip (Vryheid, Bloemfontein, Worcester, Heilbron); 'n **afdraend-bakkies** soos 'n **lekker wasklip** (Springbok); 'n **afdraend-bakkies** soos 'n **weeluis** (Worcester, Vryheid, Dewetsdorp, Bloemfontein); 'n **afdraend-gevreet** soos 'n **weeluis** (Kroonstad); 'n **afdraend-gesig** soos 'n **siek weeluis** (Paul Roux).

'n **Afdraend-gesig** soos 'n **dors bobbejaan** (Ermelo, Bloemfontein, Springbok); **afdraend-gesig** soos 'n **hans-bobbejaan** (Bloemfontein); „Jy met jou afdraend gesig soos 'n-dors bobbejaan” (Die Huisg. 13/10/39).

'n **Afdraend-gesig** soos 'n **koeltekrans** (Laingsburg) (sien ook **WENKBROUE**); . . . soos 'n **miershoop** (Springbok); . . . soos 'n **kantoor Tafel**, . . . soos 'n **hartseer spook** (Heidelberg K.P.).

'n **Plat gesig**: 'n **Plat gesig** soos 'n **pannekoek** (Paarl, Porterville); . . . soos 'n **neergeslane askoek**; . . . soos 'n **verongelakte pannekoek** (Springs); vgl. Ndl. *Een gezicht trekken gelijk een pannekoek* (Joos 15).

Plat bakkies soos 'n **Hotnots-dansbaan** (Springbok); 'n **plat gesig** soos 'n **markplein** (Dewetsdorp); . . . soos 'n **plaas** (Paarl, Porterville); 'n **vlak gesig** soos 'n **vlak bord** (Heilbron); 'n **plat gesig**

soos 'n Engelse ,good for' (Springbok). Kyk vir laasgenoemde by hfst. 3(a).

'n Lang gesig: 'n Lang gesig soos 'n perd (algemeen) (moontlik Engelse invloed, vgl. Eng. *A face like a horse, and teeth like tomb-stones*); 'n lang gesig soos 'n vandisiedonkie (Dewetsdorp); . . . soos 'n merriemuishond (Vryheid); 'n lang gesig soos 'n dagvaring (Stellenbosch); 'n lang gesig soos 'n Desembervakansie (Moorreesburg); vgl. Ndl. *Een gezicht zoo lang als de Heerestraat* (De Vooy's Verz. Opst. 2-186).

'n Lang gesig soos 'n brandewynbottel (Springbok); . . . soos 'n parallelogram (Ladysmith). Vgl. Ndl. „Wat zit je daar met 'n treur-willege-gezicht" (Boefje 40); Duits *Hei maket en Gesicht üs en Kearkenfenster* (so lang) (Eck. 155).

'n Suur gesig: 'n Gesig so suur soos 'n sermeinpeer, 'n asynvat; reeds sewentiende-eeus, vgl. Malh. 120; 'n gesig soos 'n suur pruim (Vryheid); . . . soos 'n suurlemoen, 'n sitroen (Pêrel, Porterville).

„Trek 'n gesig nes een wat janlap pergasia ingeneem het" (O.K. 2-96); vgl. Ndl. *Hij siet so suyr, of hij edick gedroncke heft* (Harreb. 1-170); 'n *Gezicht trekken as twee lood slechte tebak* (zuur, benauwd zien) (Molema 568); Duits *Hei sett en Gesicht up as 'ne säute Plumm, de in Essig leggt is* (Eck. 155).

'n Verrimpelde gesig: 'n Rimpelgesig soos 'n sousboontjie (Laingsburg); 'n plooi-gesig soos 'n verlepte pampoen (Springbok); 'n gesig soos 'n boerpampoen (Stormberg); 'n plooiërige gesig soos 'n moëskaap (Laingsburg); 'n plooi-gesig soos 'n akkordeon (Bloemfontein); 'n gesig soos 'n verlepte kweper (Bloemfontein).

'n Gesig soos 'n opgedroogde rosyntjie (Dealesville); 'n gesig soos 'n okkerneut (Louis Trichardt); 'n gesig soos 'n gerimpelde kalbas, . . . soos 'n gebakte ertappel (Vryheid); 'n gesig soos 'n omgeploegde land (Springbok); . . . soos 'n gerimpelde peer (Paarl, Porterville).

„Nou is hy uitgeteer — sy gesig vol rimpels nes 'n groen afgeplukte kalbas" (Sonde m.d. Bure 46).

'n Sproetgesig: Sproetbakkies soos 'n kalkoeneier (Swellendam en omstreke); vgl. Duits *So bunt as 'n kunenei* (Eck. 67); 'n sproet-gesig soos 'n kraai-eier (Springbok).

'n Gesig soos 'n geroeste ploegskaar (Swellendam en omstreke); vgl. sy gesig is besig om te roes (kry sproete) (Paul Roux); 'n gesig soos 'n geroeste sinkplaat (Vryheid); 'n sproetgesig soos 'n sny rosyntjebrood (Laingsburg); 'n sproetgesig soos 'n sieklike lemoen (Springbok); 'n skildergesig soos 'n bont korentepoeding (Springbok).

'n Puiserige gesig: 'n Puisie-gesig soos 'n maselmeid (Springbok); 'n dik gesig soos 'n maselmeid (Dewetsdorp); 'n gesig soos 'n

ou miershoop (Klerksdorp); 'n gesig soos 'n miershoopvlakte (taamlik algemeen — ook in Kenia bekend; verder Marico, Dewetsdorp, Jansenville); 'n gesig soos 'n karkoerhotnot (skurf) (Paul Roux); 'n gesig soos 'n plaat wat vol poetoe-pap geskiet is (vol knoppies) (Vryheid).

'n Ernstige, strak gesig: 'n Gesig soos 'n oordeel (Lichtenburg); 'n gesig soos 'n begrafnis (Carolina); vgl. Ndl. *'n Gezicht hebben as 'n doodbidder* (Molema 84); *Een gezichte gelijk de dood, gelijk dat van ne lijkbidder* (Teirl. 1-502); Duits *Hä hätt a Gesech we 'nen Bichspêgel* (Sundenregister) (Eck. 154); Eng. *A face like a street accident*.

Vir die bekende Nederlandse vergelyking „een gezicht als een oorworm” (nl. 'n ontevrede, misnoegde uitdrukking) kyk by Stoett 2-113; „De afschuw welken men vanouds van den oorworm had, gaf aanleiding tot ironische vergelykingen” (Ndl. Wdb. XI-194). Vgl. ook „Een aensicht as een doolhof” (Van Vloten 11-77).

'n Bekommerde, bedrukte gesig: 'n Gesig soos 'n driejarige droogte (Springbok); vgl. Hgd. *Er macht ein Gesicht wie drei (sieben) Tage Regenwetter — wie sieben Meilen schlechter Weg* (Frischb. 89); Ndl. *'n Gezicht as drei doag slecht weer* (Molema 166); *Een gezicht trekken gelijk een Zebedeüs* (een bedrukt wezen) (Joos 15, St. 2-524).

'n Gesig soos 'n donderstorm (Bloemfontein); 'n gesig soos 'n weerglas wat 'n storm aandui (baie teleurgesteld) (Laingsburg); vgl. Ndl. „Een gezicht als een donderwolk” (M. Gijzen's Jeugd).

'n Vol, ronde gesig: 'n Gesig soos 'n vol maan (algemeen); vgl. Ndl. *Vollemoansgezicht* (Molema 458); VI. *Een gezicht gelijk de vulle mane* (Teirl. 1-502).

'n Gesig soos 'n opgeblaaide brulpadda (Paul Roux); 'n gesig soos opgerysde suurdeeg (Bloemfontein); 'n ronde gesig soos 'n kaas; 'n kaal gevreet soos 'n volstruiseierdop (Zastron); 'n gesig soos 'n oorgekookte poeding (baie algemeen, o.a. die Boland, Natal, Marico, Brits, Fort Beaufort, Laingsburg, Cathcart, Heilbron, Zastron); in die laaste vergelyking is Engelse invloed taamlik waarskynlik; vgl. Eng. „A face like a plum pudding” en kyk verder by hfst. 4.

'n Bleek gesig: 'n Gesig soos nege pennies se wit brood (bleek) (Springbok); 'n wit gesig soos 'n geskeerde konyn (Springbok); 'n bleek gesig soos 'n bosapie, 'n weesapie (Bloemfontein); meer bekend is 'n klein gesiggie soos 'n bosapie (Vryheid, Parys, Bloemfontein); vgl. Ndl. *Hij heeft een gezicht als een aap* (Harreb. 1-2, Ndl. Wdb. 1-526); *Een gezicht gelijk een lijk* (Joos 15); *Een gezicht lijk nen afgelektem boterham* (Teirl. 1-502).

'n Lelike gesig: 'n Gesig soos 'n voëlverskrikker; 'n gesig soos sewe duiwels; vgl. Ndl. *Een gezicht zetten as de duivel tegen het*

morgenrood (De Vooys); Duits *Hei mâket en Gesicht, as en Topf voll Dühwels* (Eck. 155).

Algemeen: 'n uitdrukkinglose gesig soos 'n Oosterse wysgeer (Springbok); 'n gesig soos 'n plank — 'n ystergesig (streng, onvriendelik); 'n ongeskeerde gesig soos 'n stoppelland (Bloemfontein); 'n skewe gesig soos 'n molshoop; 'n blou gesig soos 'n slamaaiërmeid; 'n vaal gesig soos 'n ou-werfluis (honger) (almal Springbok); 'n spits gesig soos 'n jong tortelduifie (Vryheid); 'n fyn gesiggie soos 'n swastika, 'n onklaar gesig soos 'n swak afdruk (Springbok); 'n rooi gesig soos 'n aandtrein (Moorreesburg); 'n rooi gesig soos 'n straat-lantern (Dewetsdorp); 'n blink gesig soos oorlede Moses s'n (kyk by **BLINK**); 'n hol gesig soos 'n toegeslaande koek (Warden); 'n gesig soos 'n ingeslane plumpoeding (sonder tande) (Paul Roux); 'n gesig soos 'n marmarbeeld; vgl. Ndl. *Zij heeft een gezicht als een prentjie* (een stijf, housterig gezicht) (De C.—Vr. 106).

„Jou gesig lyk soos die van 'n jakhals wat 'n stuk vet gesteel het” (Die Huisg. 23/4/'39); vgl. Hgd. *Er macht ein Gesicht wie der Hund, wenn er Bauchschmerzen hat; er macht ein Gesicht wie die Katze, wenn's donnert* (Frischb. 89).

GEWETE.

'n Gewete soos gomlastiek (kan maklik gerek word); 'n gewete soos die breë weg; vgl. Ndl. *Een Conscience soo wijt, dat jer mot een Karos met ses Paerden gemackelijk in sou winden en keeren* (De Vooys — aangehaal uit Asselijn).

Sy gewete is so lewendig soos 'n kool vuur — so dood soos 'n klip. Vgl. Ndl. *Zijn geweten is zoo eng als eene monniks mouw* (Harreb. 1-235); Duits *He hett 'n Geweten as 'n fêlske Hase* (strumpfe), *'t kann engen un widen* (Eck. 157).

HARE.

Hare soos ystervarkpenne (Vryheid); vgl. Ndl. *Haren hebben gelijk een stekelverken* (lang en stijf) (Joos 16).

Kroes hare soos 'n besemstok; vgl. Ndl. *Zien hoar krölt as 'n bessemstoal* (of: bessemstok), schertsend aan iemand die sluik haar heeft (Molema 31).

Sy hare staan soos mielieblare (Vryheid), kyk by hfst. 1; sy hare staan soos fluitjiesriet in die wind, . . . soos 'n broeis hen se vere (Bloemfontein); sy hare lyk soos doodgerypte gras (Vryheid).

Hare soos 'n mofbees in die winter; ooghare soos katbaard (Vryheid); sy hare hang soos goingsaktou, hy het drie hare soos 'n ryk hotnot (Springbok).

Verwaaide hare soos 'n weerwolf (Bloemfontein); regop hare soos 'n bosvark (Moorreesburg); stywe hare soos 'n vandisievark (die Boland).

HAKSKENE.

Skurf: Skurwe hakskenes soos 'n boerbeskuit (baie algemeen, o.a. die Boland, Springbok, Dewetsdorp, Bloemfontein); **skurwe hakskenes** soos 'n kombuismeid (baie algemeen o.a. Zastron, Weselsbron, Heilbron, Petrus Steyn, Vryheid); oopgebarste hakskenes soos 'n skelm kombuismeid (Paul Roux).

Skurwe hakskenes soos 'n kombuiskuike (Swellendam en omstreke, Worcester); **skurwe hakskenes** soos 'n kombuishoender (Vryheid, Stellenbosch); knyperhakskeentjie soos 'n kombuiskuike (Heilbron); **skurwe hakskenes** soos 'n jong volstruis (Stellenbosch); **skurwe hakskenes** soos 'n 'boetsma'-hoender (Springbok). Kyk vir laasgenoemde by hfst. 2(a).

Skurwe hakskenes soos 'n transportos (Zastron, Springbok); . . . soos 'n gruispad (Springbok); . . . soos 'n vuurherdkat (Stellenbosch); . . . soos 'n vleiland-patat (Laingsburg).

Slap: Slap hakskenes soos 'n hans-muskiet (Swellendam en omstreke, Zastron, Bloemfontein); slap hakskenes soos 'n tog-os (Bloemfontein); . . . soos 'n kombuiskuike (Paul Roux, Zastron); . . . soos 'n slegte kombuismeid (kindermeid) (Zastron).

Vuil: Vuil hakskenes soos 'n winterslam (Paul Roux, Bloemfontein); . . . soos 'n transportos (Springbok, Paul Roux).

Ander: Plat hakskenes soos 'n kombuiskuike (Springs); rooi hakskenes soos 'n broeis volstruis (Springbok); oprukhakskenes soos 'n paddakorhaan; agtermekaar-hakskenes soos 'n smousbrak (Warden).

HANDE.

Koue handes soos 'n bosapie, 'n bobbejaan (Vryheid); slap handes soos 'n vrot makketaan (Bloemfontein); pofferhandjie soos 'n varkham (Zastron); groot handes soos vetkoeke (Bloemfontein).

'n **Hand** soos 'n beespoot; vgl. „Sy vuis is so groot soos 'n beespoot” (Von W.—J. Platjie 92).

Handes soos sopborde; . . . soos voorhamers; vgl. Ndl. *Handen gelijk beukhamers* (Joos 16).

Moenie jou handes langs jou sye laat hang soos twee troste piesangs nie (hoort tuis by die kadetdril).

„My handes is soos seep, die werk glip daardeur” (Van W.—J. Platjie 40).

HART.

'n **Hart** soos 'n klip; vgl. Ndl. *Een hert hebben gelijk een steen* (ongevoelig) (Joos 16); Hgd. *Er hat ein Herz wie ein Stein* (Wander 2-619).

So sterk soos 'n bees, maar 'n hart soos 'n mossie (baie bekend); vgl. Hgd. *Er hat ein Herz wie eine Drossel* (von einem feigen, muthlosen Menschen) (Wander 2-619); Ndl. *Een hart hebben gelijk een haas* (bevreesd) (Joos 16).

'n Hart so groot as die Unie-gebou; 'n hart soos 'n hotel met baie kamers (skertsend van 'n man wat liefdesgeneenthede teenoor verskillende dames toon). Hier dink 'n mens onwillekeurig aan die bekende reël uit Bredero se **Princen**:—

„Ick maack door myn verkiesen
Een Gast-Huys van myn hart.”

Vgl. ook Ndl. *Een hart hebben gelijk een krentenbrood* (zeer blijde zijn) (Joos 16): *Hij heeft een hart zoo als een brood* (bovenmatig trotsch) (Welters 117); 'n Hart hebben as 'n klomp (groothartig, trotsch, verwaand) (Molema 148).

HUMEUR.

'n Humeur soos donderweer; . . . soos dinamiet; vgl. „Met een humeur als van dinamiet” (Stiefm. Aarde 278); Ndl. *Opvliegen als buskruid* (De Vooyes).

KEEL (kyk ook by NEK).

'n Keel soos 'n tregter (vgl. ook by **DRINK**); vgl. Ndl. *Een keel als een trechter* (Welters 87); *Eene keel gelijk eene kous* (van een dronkaard) (Joos 17).

'n Keel soos 'n pou (Wesselsbron); 'n wye keelgat soos 'n hees gans (Springbok).

'n Keel soos 'n orrelpyp; vgl. Ndl. *Eene keel hebben gelijk eene orgelpijp* (lang en dun) (Joos 17).

'n Keel soos 'n blikplaat (van iemand wat warm koffie met gemak kan drink).

KIESTE.

Kieste soos 'n bobbejaan (volgestop); kieste soos 'n looikuip van al die pruimtwak (Bloemfontein).

KINDERS.

Kinders soos orrelpype (van alle groottes) (Zastron); vgl. Hgd. *Kinder wie orgelpfeifen* (Sandv. 43).

KNIEË.

Slap knieë soos 'n hans-muskiet (Dewetsdorp); knypknieë soos 'n grootuierkoei (Springbok); agteruit-knieë soos 'n hoendar (Vryheid); vgl. Ndl. *Kuten* (kuiten) as 'n *hoan* (Molema 165).

Skurwe knieë soos 'n kombuismeid (Vryheid); 'n paar harde kniekoppe soos boerbeskuit (Swellendam en omstreke).

KOP.

Groot: 'n Groot kop soos 'n laat ui (Stellenbosch); 'n groot kop soos 'n siek tier (Moorreesburg, Stellenbosch); 'n dik kop soos 'n siek tier (Springbok); 'n groot kop soos 'n boerpampoen; „Toe ek die ander oggend wakker word was my kop nes 'n voos pampoen” (Sonde m.d. B. 89).

'n Groot kop soos 'n os; vgl. Ndl. *Eenen kop hebben gelijk een os* (Joos 17); *Hij heeft een kop als een bul* (Harreb. 1-327); 'n Kop as 'n bōl (Molema 166); Duits *Er hat einen Kopf wie ein Bulle* (Wander 2-1526); *De kêrl hât 'n Kopp as 'n Osse* (Eck. 256).

'n Groot kop soos 'n voorhamer (vgl. hamerkop); vgl. Ndl. *Een kop als een slegge* (Van Dale 1521).

'n Groot kop soos 'n roomkan, . . . soos 'n wynvaatjie; vgl. Ndl. *Ne kop gelijk ne zaanstoop* (een zeer groot en dik hoofd) (De C.—Gebr. 327); *Een hoofd hebben gelijk een brouwketel* (Joos 16); *Hij heeft een hoofd als een spakan* (steenen kruik) (Welters 97); Hgd. *Er hat einen Kopf wie ein Ankertonne* (Wander 2-1527).

'n Groot kop soos 'n stampblok, . . . 'n blok hout; vgl. Duits *Hei heat en Kopp äs en Holsken* (Holzschuh) (Eck. 285).

'n Groot kop soos 'n vol maan; vgl. Ndl. *Hij heeft een kop, zoo groot als de volle maan wanneer zij uit de kimmien rijst* (Harreb. 1-473).

Plat: 'n Plat kop soos 'n kantoortafel (Swellendam en omstreke, Bloemfontein, Laingsburg, Paarl, Porterville); 'n plat voorkop soos 'n kombuistafel (Worcester).

'n Plat kop soos 'n wasklip (Bloemfontein, Worcester); 'n gladde kop soos 'n rivierklip (Springbok).

Plooiërig: 'n Tandjierige voorkop soos 'n miskruier (Bloemfontein); 'n wollerige voorkop soos 'n miskruier (Paul Roux).

'n Plooi-voorkop soos 'n omgeploegde land; 'n plooi-voorkop soos 'n Skotse rok (Springbok).

'n Gerimpelde kop soos 'n mofram (Paarl, Porterville); vgl. Hy het net soveel plooië as sewe ou-oioë.

Klein: 'n Klein koppie soos 'n kuier-kierie (Stellenbosch); 'n klein koppie soos oupa se present-kierie (Springbok); 'n klein ronde koppie soos 'n kuier-kierie (Moorreesburg); 'n klein koppie soos 'n tweelingkriek (Moorreesburg); met woordspeling: 'n klein koppie soos bedelkoffie (Springbok).

Blink: 'n Blink voorkop soos 'n vieruurfles (Moorreesburg); 'n blink voorkop soos 'n hings-akkedis (Paarl, Porterville). Ndl. 'n *Kop as 'n poaskeai* (onnatuurlijke kleur) (Molema 527).

Algemeen: 'n Kroeskop soos 'n grasvlakte; 'n ongekamde kop soos 'n garingpalm (Springbok); 'n kaal kop soos 'n bleshoender (Springbok); 'n knoppiesvoorkop soos 'n broeis brommer (Springs, Heilbron); 'n bulterige kop soos die Sahara-woestyn (Dewetsdorp); 'n spits kop soos 'n reier (Paarl, Porterville, Stellenbosch); 'n afdraende voorkop soos 'n bontpootjie-bosluis (Springs); 'n aanbiddende hoof soos 'n hotnotsgod (Springbok); 'n vierkantige voorkop soos 'n jong donkie.

Onder die Boere in Argentinië is bekend 'n **Kop soos Bismarck** (groot en fors); vgl. Duits *Hei hätt 'n Kopp üs en Pape* (Eck. 285).

'n **Ronde kop soos 'n kaas** (meer algemeen: kaaskop); vgl. Ndl. *Een hoofd dat er uitziet als een Paomezaander* (Parmezaansche kaas) (Boeken. 733).

KRUIS.

'n **Hangkruis soos 'n weeluis** (algemeen in die Vrystaat); 'n hangkruis soos 'n trippelaar-perd; 'n hangkruis soos 'n strykloper-perd (Springbok); 'n smal kruis soos 'n weesdassie (Springbok).

LAWAAI (kyk ook by RAAS).

'n **Lawaai soos 'n nagmaalbasaar**; . . . soos in 'n Jodeskool, 'n Jodekerk; vgl. Ndl. 't *Geet er toe as in 'n jöddenkerk* (St. 1-398); Hgd. *Ein lärm, wie in einer judenschule* (Schrader 409, Sandv., Frischb.).

'n **Lawaai soos in 'n fabriek, 'n smidswinkel**; vgl. Hgd. *Er macht mehr lärm als ein Kesselschmied* (Wander 2-1793).

Meer lawaai as op die duiwel se bruilof; 'n lawaai soos op die oordeelsdag; vgl. Ndl. *Een leven als een oordeel* (baie bekend), *lawait lak'in hel, een leven van al de duivels* (St. 1-550).

'n **Lawaai soos 'n klomp spreekus in 'n vyelaning ens.** (kyk by **RAAS**).

„'n Gebreek en gelag soos 'n klomp ape wat seepsoda in het" (O.K. 2-162); „'n Lawaai soos 'n klomp Koelies oor 'n bord kerrierys maak" („Die Huisgenoot", 19/9/'41).

LEWE (kyk ook by die ww. **LEEF**).

'n Lekker lewe soos 'n luis op 'n hoender, . . . 'n vlooi op 'n hond; vgl. Ndl. *'n Leven as 'n loes op 'n zeer heufd* (Bergs. 21); „een levetje as een luis op een kletskep” (M. Gijzen's Jeugd 380); „Zij heeft een leven as een luis op een zeer heufd” (Bartje 208).

'n Lekker lewe soos 'n vink ih 'n koringland; vgl. Ndl. *'n Leven as 'n musk in 't zaand, 'n zwin in de modder* (Bergs. 21).

'n Lewe soos in die Paradys, . . . soos in luilekkerland; vgl. Hgd. *Ein Leben wie im Paradies* (Buchm. 159).

'n Lewe soos 'n voël in 'n hok; vgl. Duits *En Lêwen wie en Vogelchen en de Kau* (Eck. 316).

'n Lewe soos 'n slaaf; vgl. Ndl. *Een leven leiden als een galei-slaaf* (een hard en moeitevol leven hebben), Fr. *Mener une vie de galérien* (De C. — Gebr. 242).

LEWER.

'n Lewer soos 'n spons (kyk by **DORS**); sy lewer is soos 'n spons wat altyd aangeklam moet word (Swellendam en omstreke).

LIPPE.

Dik: Dik lippe soos skoensole (Warden, Wesselsbron — origens baie algemeen); dik lippe soos 'n viersitplaasbank; dik lippe soos 'n staljong (Volksrust); dik lippe soos damkluite (Worcester); dik lippe soos 'n boerbeskuit (Springbok).

Skurf: Skruwe lippe soos 'n wasaia se knieknoppe (Zastron); . . . soos 'n Kaffer se hakskene (Paul Roux); . . . soos 'n boerbeskuit (Vryheid); . . . soos 'n mislukte erosieskema (Heilbron).

Omgekrul: Omkrullippe soos 'n kombuismeid (Ermelo); . . . soos 'n natgereënde velskoen (Laingsburg); . . . soos 'n renostersambokkie (Springbok); optreklip soos 'n kwaai bobbejaan (Springbok); omkrullippe soos 'n ,travel'-Jood se handsak (Dewetsdorp).

Ander: Platgeslypte lippe soos 'n platanna (Vryheid); blou lippe soos 'n bastermeid (Springbok); 'n bolip soos 'n baber (Bloemfontein).

LYF.

'n Lomp lyf soos 'n olifant; vgl. uit 'n sewentiende-eeuse klug „een lijf had als een Olifant” (Van Moerk. 352).

'n Lyf soos 'n wasgoedsak (Paarl, Porterville); 'n lang litterige lyf soos 'n bamboesstok (Vryheid); 'n litterige lyf soos 'n sweepstok (Die Vrystaat); 'n pap lyf soos 'n ,paw-paw' (Vryheid).

'n Gesig soos 'n gesang, maar 'n lyf soos 'n polka (lyk vroom, maar dans graag); 'n Halleluja-gesig met 'n 'ragtime'-lyf (Springbok).

MAAG (PENS).

'n Maag soos 'n volstruis (verteer enigiets); kyk vir variante by Malh. 257.

'n Maag (pens) soos 'n biervaatjie (Paul Roux, Vryheid); 'n maag soos 'n ag-gallonvaatjie (Swellendam en omstreke); vgl. Ndl. *Eenen buik hebben gelijk eene ton* (Joos 12).

'n Maag soos 'n looikuip; boepens soos 'n leerlooibalie (Springbok).

'n Hol maag soos 'n winterslang (Springbok); sy maag staan soos 'n aap se kies (Vryheid); boepens soos 'n hanslam; . . . soos 'n laat kalf (Moorreesburg); boepens soos 'n armoed-boklam (Springbok).

Sy maag staan met 'n hoog soos 'n Korannakaffertjie s'n; 'n uitstaanmaag soos 'n kapitalis (Bloemfontein); vgl. Ndl. „Een buuk as een burgemeester” (Bartje 66); Duits *En Bauch as en Burgermeister* (Eck. 285).

MOND (kyk ook by BEK).

'n Groot mond soos 'n waenhuis (Springbok); . . . soos 'n waenhuisdeur (Moorreesburg, Paarl, Porterville); vgl. Ndl. *Een smoel als en mendeur* (de groote schuurdeur, waardoor het hooi naar binnen gereden wordt) (F. den Eerzamen in N.T.G. XI-304); *Een mond als een schuurdeur* (groot en wyd) (Joos 18); *Hij heeft een mond als een schuurpoort* (Welters 98); *Hij heeft een mond als een schuurdeur* (grof in zijne uitdrukkingen) (Welters 117); „een mond als een hooischoor” (M. Gijzen's Jeugd). Kyk verder by St. 1-40.

'n Mond soos 'n bakoond; vgl. Ndl. *Een mond gelijk een oven* (Joos 18, St. 1-40); Vls. *Ne mond gelijk nen ovene, gelijk 'n schuurdeure* (Teirl. 2-279).

'n Mond soos 'n wafelpan (Vryheid); vgl. Ndl. *Eene mond as 'n woafelpan* (Schrijnen—Volkskunde 2-117—De Vooys).

'n Mond soos 'n seekoei (algemeen); 'n 'pap mond soos 'n oorryp spanspek (Bloemfontein); 'n mond soos 'n oopgebarste tamatie (Paul Roux).

'n Wye mond soos 'n goewermentspossak (Laingsburg); vgl. Ndl. *Een mond als een brievenbus* (De V.—Verz. Opst. 2-187).

'n Groot mond soos 'n kapokhoenderhaan (grootpraterig) (Springbok); 'n oophangmond soos 'n boelhond; 'n mond soos 'n stampblok (Vryheid).

NEK.

'n Nek soos 'n reier (Paarl, Porterville, Vryheid); 'n lang nek soos 'n volstruis; vgl. Ndl. *Eenen hals hebben gelijk een reiger, eene zwaan, eene gans* (Joos 16); *Een hals gelijk een reiger* (Welters 96).

'n Skewe nek soos 'n „krênsiek”-boklam (Springbok, vgl. hfst. 3(b); 'n krom nek soos 'n sekel (vgl. sekelnek); 'n lang nek soos 'n giraf (algemeen).

'n Dik nek soos 'n stuk varkspek; vgl. „Speknek is een bijnaam voor een welgesteld, lichamelijk ook zeer welvarend man, wiens gladgeschoren nek, zoo als bij zulke lieden wel 't geval pleegt te zijn, als 't ware glimt van spek” (Winkler 85).

'n Lang nek soos 'n present-kierie (Dewetsdorp); vgl. Ndl. *een nek hebben gelijk eenen kapstok, een kloef, eenen keersdomper* (Joos 19).

„Jy met jou lit-lit nek soos 'n sweepstok” (Die Huisg. 13/10/'39).

NEUS.

'n Neus soos 'n kanonvisier, . . . soos 'n miershoop (Bloemfontein); groot neusgate soos treintonnels (Swellendam en omstreke); groot neusgate soos waenhuisdeure (Stellenbosch); 'n groot neus soos 'n rooikopmier, . . . 'n bakoond (Springbok); 'n groot neus soos 'n radys.

'n Krom neus soos 'n hondehakskeen (Moorreesburg); . . . soos 'n hans-Jood, soos 'n koei wat haar kalf roep (Springbok); 'n krom neus soos 'n komkommer; vgl. *Er hat eine Nase wie eine Gurke* (Wander 3-958).

'n Loperige neus soos 'n murgbeen (Swellendam en omstreke); 'n waterige neus soos 'n chemiese titrasie (studentetaal); . . . soos 'n weeskind (Bloemfontein).

Wye neusgate soos 'n flou perd (Moorreesburg, Paarl, Porterville); wye neusgate soos 'n sirkusperd (Worcester); wye neusgate soos Jerusalem se poorte (Bloemfontein); tweeduimsneusgate soos 'n moffbul (Vryheid); neusgate wat rek soos 'n konsertina (algemeen).

'n Knopneus soos 'n boerbekuit (Heilbron); 'n wipperige neus soos 'n fluks tinktinkie (Heidelberg, Heilbron); 'n plat neus soos 'n pannekoek (Paarl, Porterville); 'n plat neus soos 'n wasclip (Moorreesburg); 'n opkrul-neus soos 'n varkstert, ferweel-neusgate soos 'n haas, 'n puntjie-neus soos 'n windhond (Vryheid); 'n opstaan-neus soos 'n wipstok, 'n wipneus soos 'n „boeldog” (Springbok).

Vergelyk met bogenoemde die volgende Vlaamse uitdrukkinge:—*Nen neuze gelijk ne kapstok, gelijk 'n pinne* (scherp), *gelijk 'n sponse* (dik), *gelijk nen trompet* (lank en hol) (Teirl. 2-298).

Hy het 'n neus soos 'n polisiehoond; vgl. Ndl. *Eenen reuk hebben gelijk een hond* (fijn reuk) (Joos 19).

Oë.

Skerp oë soos 'n geitjie (Carolina); **oë soos 'n valk** (algemeen, ook onder die Boere in Argentinië bekend; verder bv. Stormberg, Carolina, Wakkerstroom ens.); vgl. Duits *Er hat Augen wie ein Luchs, Falk, Sperber* (Wander 1-182); *He hett Ogen as 'n Falk* (oder Luchs) (Eck. 24).

Oë soos 'n tjokkerbek-aasvoël (baie algemeen, o.a. die hele Vrystaat, Queenstown, Cathcart, Louis Trichardt, Marico, Klerksdorp).

Uitpeul-oë soos 'n hartseer padda (Bloemfontein, Heilbron, Brits, Swellendam, Paarl, Porterville); **uitpeul-oë soos 'n skeel padda** (Paul Roux); **groot oë soos 'n hartseer padda, uitpeul-oë soos 'n brulpadda** (Springbok).

Uitpeul-oë soos 'n broeis brommer (Vryheid, Springbok); . . soos 'n geilsiek haas (Worcester); . . . soos 'n slak (Stellenbosch); . . . soos 'n koggelmander (Vryheid); . . . soos 'n krap (Heilbron, Ermelo); . . . soos 'n siek haas (Wesselsbron); . . . soos 'n vars vis (Paarl, Porterville); vgl. Ndl. *Oogen ien kop hebben, as 'n schelvis dei drie doag op strand legen het* (Molema 166); *zijne oogen puilen uit gelijk die van eene gepijnigde rat* (Joos 20); Hgd. *Er hat Augen wie ein Schellfisch* (grosse, matte, ausdruckslose) (Wander 1-182).

Rooirandjies-oë soos 'n broeis brommer (Bloemfontein, Dewetsdorp, Springbok); **groen oë soos 'n broeis brommer** (Heilbron); **kroes ooghare soos 'n broeis brommer** (Volksrust); **groot oë soos 'n broeis vlieg** (Springbok); **blourandjies-oë soos 'n broeis brommer** (Swellendam en omstreke).

Leep-oë soos 'n vark; leep-oë soos 'n muisvoël (Bloemfontein); **rooi oë soos 'n laksman** (Vryheid); **omgedopte oë soos 'n spreek** (Bloemfontein); **'n hang-ooglid soos 'n vaak uil** (Springbok); **omgedopte oë soos 'n klein spreek** (Wesselsbron); **kraal-oë soos 'n muisvoël; kring-oë soos 'n hoenderhen** (Wesselsbron).

Knoppies-oë soos 'n sprinkaan (Zastron); **waterige oë soos 'n siek padda** (Vryheid); **geel oë soos 'n fonteinpadda** (Springs); **Waterige oë soos 'n fonteinpadda** (Zastron, Ermelo); **waterlek-oë soos 'n seeroog-padda** (Dealesville).

Geel oë soos 'n galsiek kolhaas (Ladysmith); **'n groot oog soos 'n nood-haas** (Springbok); **rooi oë soos 'n bruilofkat, knyp-oë** (of: traan-oë) **soos 'n weesdassie, waterige oë soos 'n sterwende bobbejaan, lang ooghare soos 'n maer kalf** (Springbok); **vaal oë nes twee ou vuurmaakplekke** (Bloemfontein); **waterige ogies soos 'n maselsvark** (Warden).

Vergelyk in verband met bogenoemde die Vlaamse vergelykinge: *Ooge gelijk e verken* (kleine gezwollen), *gelijk e kalf*, *e koe* (groot, uitpeulend, dwaas) (Teirl. 2-322).

Klein ogies soos vetergaatjies (Stellenbosch, Paarl, Porterville); **uiloë soos wawiele** (Ladysmith); **groot oë soos wawiele, pierings, artappels**.

„Sy oë word groot nes 'n artappel” (O.K. 2-91); „Daar sit hy, elke oog so groot soos 'n piering” (Die Huisg. 13/10/'39); „Je perochioane zouden oogen opzetten as kruiwoagewiele” (M. Gijzen's Jeugd). Vgl. verder Ndl. *Oogen gelijk lanteerns, vuurovens, kogels* (Joos 19, Teirl. 2-332); *Oogen as 'n dobbeljrke* (grootte oogen) (Molema 166).

Oë soos 'n vaak Sjinees (Vryheid); **omkeer-oë soos 'n halfnaatjie** (Springbok); vgl. Ndl. *Oogen gelijk een borzensnijder* (doordringende oogen) (St. 1-186).

ORE.

Bakore soos wawiele (Laingsburg); **bakore soos 'n waenhuisdeur, 'n olifantbul** (Vryheid); **bakore soos 'n uitgeklopte sinkplaat, 'n oopstaan-venster** (Springbok); **wegstaan-ore soos 'n windskerm** (Warden); **bakore soos 'n windskerm** (Worcester); **bakore soos modderskerms** (Bloemfontein).

Deurskyn-ore soos 'n vlakhaas (Bloemfontein, Springs, Paul Roux, Ermelo); **deurskyn-ore soos 'n geilsiek haas** (Bloemfontein, Springs, Vryheid, Dewetsdorp, Moorreesburg, Heilbron ens.); **deurskyn-oortjies soos 'n kolhaas** (Petrus Steyn); **weglê-ore soos 'n haas** (Paul Roux); **slap oortjies soos 'n geilsiek haas** (Paarl, Porterville); vgl. Hgd. *Er spitzt die Ohren wie ein Hase* (Wander 3-1132).

Weglê-ore soos 'n nagmaalbeker (Bloemfontein); **wegstaan-ore soos 'n skotskar** (Laingsburg); **groot ore soos 'n bakoon** (Paarl en Porterville); **groot ore soos 'n wafelpan** (Wesselsbron); **groot ore soos turksvyblare** (Bloemfontein). Vgl. Ndl. *Ooren gelijk mosselschuiten, potlepels* (Joos 19).

Klein oortjies soos verdroogde perskes (Paul Roux); **regop ore soos 'n jakkals, spits oortjies soos 'n wildekat, hangore soos 'n vark** (Springbok); **hangore soos 'n Karroodonkie** (Moorreesburg). Vgl. Ndl. *Oore gelijk nen ezele, e verken* (Joos 19, Teirl. 2-334).

RIBBEBENE.

Ribbebene soos 'n roskam (Warden); **sy ribbebene staan uit soos 'n geraamte s'n**.

RUG.

Holrug soos 'n troepperd (Zastron); **holrug** soos 'n smousdonkie (Vryheid); **holrug** soos 'n kaffermerrie (algemeen).

'n **Krom rug** soos 'n sekel (Vryheid); . . . soos 'n uitorde-pilaar (Springbok); . . . soos 'n hottentotsbrood (Moorreesburg).

'n **Slap rug** soos 'n tog-os (Vryheid); 'n **hangrug** soos 'n weeluis (Vryheid) (kyk ook by **KRUIS**); 'n **hakkerige rugstring** soos 'n trek-saag (maer) (Laingsburg, Swellendam en omstreke, Worcester).

SENUWEES.

Senuwees soos staal, . . . soos 'n trapsuutjies.

SKOENE.

Skoene soos twee doodkiste (Vryheid); **skoene** so groot soos 'n sopskottel (Zastron); vgl. Ndl. *Schoenen als schuiten* (Joos 21).

SKOUERS.

Hangskouers soos 'n Afrikanerbul (Stormberg); **hangskouers** soos 'n weeluis (Wesselsbron, Heilbron); **hangskouers** soos 'n trippelaarperd, 'n hangstok, 'n stroombelynde vark (Heilbron); **hangskouertjies** soos 'n laaistok (Laingsburg).

Hangskouers soos 'n kasteroliebottel (baie algemeen, bv. die boland, Marico, Witbank, Warden, Dewetsdorp, Brandfort, Zastron, Petrus Steyn ens.); **afdraend-skouers** soos 'n kasteroliebottel (Bloemfontein).

SKULD.

Skuld soos sand (kyk by **GELD** soos bossies); meer skuld as hare op my kop (algemeen).

SNOR.

'n **Snor** soos 'n afrikanerhoring; 'n **snor** soos die weglê-horings van 'n afrikanerbul (Vryheid); 'n **snor** soos buffelhorings; wilde weglê-snorre soos wildebeeshorings (Vryheid).

„Sy dik snor hang soos twee swawelvlerke oor sy mond” (Somer 101).

'n **Snor** soos Hitler; 'n **Snor** soos 'n ryk Sjinees; . . . soos 'n sewentiende-eeuse kolonel (Bloemfontein); vgl. Ndl. *Een snor als de keizer van Duitsland* (De Vooys).

'n **Snor** soos 'n tandeborsel. (Vgl. hfst. 4).

SPROETE.

Sproete soos luis op 'n vark (Springbok). Kyk veral by GESIG.

STEM.

'n Stem soos 'n koffiemeul (Bloemfontein, Parys); . . . soos 'n geroeste koffiemeul (Vryheid); „Hij begint op een toon, alsof hij een koffiemolen is, die een zekere hoeveelheid per minuut moet afmalen” (De Unie 1-365).

'n Stem soos 'n basuin, 'n trompet; vgl. Ndl. *Een stem als een trompet of orgel* (Welters 87); Duits *He Het en Stemm as 'n Basuin* (Eck. 504); Lt. „Cum ageret, porro in foro, sic illius vox crescebat, tamquam tuba, er hatte eine Stimme, so laut wie eine Trompete” (Otto 352).

'n Stem soos 'n klok: „Willempie het 'n stem as 'n klok” (hy sou miskien nog voorsanger van die gemeente word) (Die Unie 1-283). Vgl. Ndl. *Eene stem hebben gelijk eene klok* (zwarte) (Joos 21).

'n Stem soos 'n seekoeibas; 'n stem soos die bul van Basan (Vryheid), vgl. hfst. 3(g).

'n Stem soos 'n velviool (vals), vgl. Malh. 97; 'n stem soos 'n brommer in 'n paraffienblik; 'n stem soos 'n stoomfluit (skel); 'n stem soos 'n seerkeel-donkie (Heilbron); 'n stem soos 'n sersant-majoor; 'n stem soos 'n geroeste vyl op 'n stuk yster (Heilbron).

TANDE.

Tande soos mieliepitte (mooi, goedgevormde tande) (Vryheid); daarenteen geel tande soos mieliepitte, sy tande lyk soos slaggelaaide mieliekoppe (Springbok).

Skurwe tande soos 'n broeis brommer (Paul Roux); melktande soos 'n broeis brommer (Heilbron).

Twee rye tande soos 'n treksaag (Zastron); uitstaantande soos 'n treksaag (Ladysmith); 'n tandjiesbek soos 'n treksaag (Vryheid); hakkiestande soos 'n treksaag (Paul Roux).

Wegstaan-voortande soos 'n stalvurk (Laingsburg); lang tande soos 'n spitvurk (Moorreesburg); yl tande soos 'n eg (Brits); vgl. Ndl. *Tanden gelijk een egge* (Joos 22).

Uitstaantande soos 'n varksog (Vryheid); twee rye tande soos 'n meerkat-ooi (Heilbron); wegslyt-tande soos 'n ou tog-os (Paul Roux); blou tandvleis soos 'n vlermuis (Heilbron).

Lang tande soos 'n perd; vgl. Ndl. *Tanden gelijk een peerd* (Joos 23).

TONG.

'n Tong soos 'n skeermes; „Ook in ons land, waar tongen niet minder kwaad stichten dan in ander landen heeft men zich al spoedig van de kernachtige uitdrukkingen des Bijbels bediend. Nu eens hoort men spreken van 'een kwade tong' dan weer van 'eene tong als een scheermes'." (Z.A. Tijdschr. Mei 1879, bl. 210). Vgl. ook Ndl. *Een tong gelijk een mes* (De C.—Vr. 47); Duits *En Tung as en Slagtswêrd* (Eck. 584).

TONE.

Weglê-tone soos 'n kombuiskuiken (Bloemfontein); weglê-tone soos 'n hoenderhen (Vryheid); weglê-tone soos 'n volstruis (Bloemfontein, Winburg); . . . soos 'n vleirof (Vryheid); . . . soos 'n sandluis (Bloemfontein); . . . soos 'n staljong (Ermelo); . . . soos 'n kombuis-meid, 'n beeswagtertjie (Bloemfontein).

Hol toonnaels soos 'n soplepel (Wesselsbron); vuil toonnaels soos 'n hoender (Bloemfontein); knoptone soos 'n toordokter (Uniondale).

VEL.

'n Vel soos 'n uitgewaste blousellap (blas) (Bloemfontein); 'n vel soos sterk koffie, . . . soos 'n patat (van kleurlinge gesê). „Jy weet mos self dat een Engelsman die patatavel veels te lief het en dat hy een swart jong nooit op zyn bas zal kom nie" (J. d. P. Sch. in T.W.K. 14-27).

VERSTAND. (kyk ook by DOM en GEHEUE).

Hy het net soveel verstand as 'n skilpad (of: padda) vere (kyk hiervoor by GELD); vgl. Ndl. *Hij is voorzien van verstand, gelijk een gans van een kam* (Van Dale 491); Vls. *Nie meer verstand hen as ne puid* (Teirl. 2-421).

Hy het minder verstand as 'n dooie hoender, . . . as 'n volstruis met 'n kous oor sy kop; vgl. Eng. *He has as much sense as a squirrel*; Lt. „Sat edepol certo scio Occisam saepe sapere plus multo suem, ein totes Schwein hat mehr Verstand. Er hat nicht so viel Verstand, wie eine geschlachtete Gans" (Otto 336).

Kyk by WEET vir: *van iets zooveel verstand hebben als een koe van saffraan te eten, als de kraaien van de Zondag* (Joos 24); *Den kömt de Verstand as den Oss de Melk* (Eck. 544).

VINGERS.

Vingers soos aasvoëlkloue; vingers soos vermaerde duiwelsdoring (Vryheid).

Lang vingers soos 'n gaffel; lang vingers soos klaviernote (Vryheid); lang vingers soos 'n loop-hout-haal riem (Springbok); grypvingers soos 'n geraamte; poffertjie-vingers soos varkworsies.

VOETE.

Voete soos skuite (Bloemfontein); vgl. „Voeten als schuiten en handen als schenkbladen” (M. Gijzen's Jeugd).

Pote so plat soos 'n strykster; strykster-voetjies soos 'n dassie (Bloemfontein, Paul Roux); vgl. Ndl. *Voeten gelijk stryktijzers* (Joos 24).

Platvoet soos 'n kombuismeid (Heilbron, Brits); . . . soos 'n wasgoedmeid (Springbok); . . . soos 'n makou (Paarl, Porterville); . . soos 'n grammofoonplaat (Swellendam en omstreke); platpoot soos 'n Kalahari-meid (Dewetsdorp); . . . soos 'n blaker, . . . 'n hanspadda (Springbok); platvoet soos 'n eend; vgl. Duits *He hett fôt as en Ant* (platfuss) (Eck. 135).

Skurwe pote soos 'n vleipatat (Heidelberg K.P.); gebarste voete soos vleipatats (Swellendam en omstreke).

Voete so groot soos 'n drieskaarploeg (Zastron, Paul Roux, Vryheid, Wesselsbron); voete soos brode (Vryheid); 'n paar voete soos 'n sjieling se brood (Heilbron); voete soos vleisblokke, vgl. „'n paar remblok-voete” (Die Huisg. 25/8/'39); groot voete soos 'n olifant. Vgl. Ndl. *Voeten hebben gelijk een olifant* (Joos 24); *Vouten as 'n dijf* (buitengewoon groot) (Molema 166); Hgd. *He het fôte as 'n Wâteremmer* (grosse Füße) (Eck. 135).

Sagte voete soos 'n das (Vryheid); doekvoet soos 'n haas (Springbok); lang voete soos 'n jaart'-stok (Warden); groot voete soos myle (Paarl en Porterville); 'n onpaarpote soos 'n hans-Jood (Bloemfontein, Dewetsdorp); sy voete staan soos horlosiewysters om kwart-voor-drie (na buite) (Zastron, Bloemfontein, Viljoenskroon).

VRIENDE.

Vriende soos Dawid en Jonathan (kyk by hfst. 3(g)); vriende soos 'n kat en 'n hond (ook Nederlands, vgl. Joos 24); vir Ndl. „Vrienden als olifanten” kyk by Stoett 1-167.

WANGE.

Hang-wange soos 'n baadjiesak (Vryheid); hoë wangbene soos 'n dors bobbejaan (Springbok); skurwe wange soos 'n brulpadda se rug (Zastron); hol wange soos 'n toegeslane brood (Springbok); sy wange staan soos twee speenvarkboudjies; opgeblaaste wange soos 'n brulpadda, . . . 'n trompetblaser. Vgl. Ndl. *Kaken gelijk een trompetter* (Joos 17).

Plat wange soos 'n boekhou-boek; vgl. Ndl. *Wangen* as 'n oabé-bouk (platte wangen, schraal van uitzicht) (Molema 166).

WENKBROUE.

'n Paar oorhangwenkbroue soos 'n koeltekrans (Swellendam en omstreke) (kyk ook by **GESIG**); **woeste wenkbroue soos 'n oerwoud; lang wenkbroue soos 'n skilderkwas.**